16. Eli en Samuel

I Samuel 1 - 8

God eis gehoorsaamheid

Die Here wil hê dat sy kinders aan Hom gehoorsaam is. Hierdie hoofstuk fokus op die volgende hoofgedagtes:

- Ouers moet hul kinders dissiplineer.
- God laat Hom nie manipuleer deur mense wat hul eie idees wil bevorder nie.
- Die Here bewaar sy volk.

Eli, hoëpriester in Silo

Die rigtertydperk sluit af met Eli en Samuel wat Israel lei. Eli is 'n Leviet wat as hoëpriester diens doen by die heiligdom in Silo. Hy het twee seuns, Hofni en Pinehas. Hulle is deugniete wat nie gehoorsaam aan die Here is nie en van die offers steel wat in Silo geoffer word. Die priesters mag 'n deel van die offers neem,[123] maar Hofni en Pinehas dwing die mense wat offer, om meer vir hulle te gee as wat hulle toekom.

Die twee seuns van Eli lei ook 'n losbandige lewe. Eli hoor dit en vermaan sy seuns ernstig. Hy straf hulle egter nie soos hy veronderstel is om te doen nie. Dit het tot gevolg dat sy seuns hulle nie aan hom steur nie en voortgaan om sedeloos te lewe. Die Here wil hulle om die lewe bring. Hy verwerp hulle en gee hulle oor aan hul sondige lewens.[124]

Hanna besoek die tempel

As hoëpriester is Eli altyd besig in en om die huis van die Here. Die volk bring hul tiendes, kom om te bid en vra hom om namens hulle te offer. Terwyl hy by die ingang van die tabernakel sit, sien hy 'n vrou wat woorde prewel terwyl trane oor haar wange rol. Eli dink dat sy dronk is en toe sy opstaan

123 Lev. 7: 31 en 32 En die priester moet die vet op die altaar aan die brand steek, maar die bors kom Aäron en sy seuns toe. Julle moet ook die regterboud aan die priester as hefoffer gee uit julle dankoffers.

124 Op. 22: 11 Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word.

om te loop, roep hy haar en spreek haar skerp aan oor haar swak gedrag. Sy sê aan hom dat sy nie dronk is nie, maar wel baie hartseer. Sy wil baie graag 'n kindjie hê, maar God het nie een aan haar gegee nie. Dit is hoekom sy kom bid het.

Eli is dadelik spyt oor sy oorhaastige optrede en seën haar voordat sy huis toe gaan. Die vrou se naam is Hanna en haar man se naam Elkana. Elkana het twee vroue, Hanna en Peninna. Peninna het kinders maar Hanna kan nie kinders kry nie. Peninna het Hanna hieroor gespot en Hanna het baie hartseer geword. Daarom lê sy 'n gelofte af dat wanneer die Here haar 'n seun gee, sy hom in sy diens sal stel.

Die geboorte van Samuel

Die Here verhoor Hanna se gebed. Sy kry 'n seun en noem hom Samuel. In Hebreeus beteken Samuel om iets te ontvang wat van die Here gebid is. Toe hy 'n bietjie groter is, neem sy hom na die huis van die Here in Silo om hom aan die Here af te staan soos sy beloof het. Later kry sy nog kinders, maar elke jaar neem sy vir Samuel 'n manteltjie as sy met haar man na Silo gaan om daar te aanbid.

Nadat die Here Hanna se gebed verhoor het, sing sy 'n lofsang tot eer van die Here. Net soos Maria, die Here Jesus se moeder, prys sy die Here vir sy groot genade.[125]

Daarna stuur die Here 'n profeet na Eli om God se oordeel oor hom en sy huis aan te kondig. Hy sê eers wat Hofni en Pinehas verkeerd gedoen het en daarna wys hy op Eli se sonde. Hy het nie soos sy seuns van die offers gesteel nie, maar hy het nie sy seuns streng gestraf soos wat hy veronderstel was om te doen nie. Vir hom was die goedgesindheid van sy seuns belangriker as die eer van die Here.

Die oordeel oor die huis van Eli

Die Here straf Eli. Daar sal in die toekoms geen bejaarde in Eli se huis wees nie, omdat almal op 'n vroeë ouderdom sal sterf. Eli self sal die dood van sy twee seuns beleef.

---

125 Luk. 1: 46 - 48 En Maria het gesê: My siel maak die Here groot, en my gees is verheug in God, my Saligmaker; omdat Hy die nederige toestand van sy diensmaagd aangesien het; want kyk, van nou af sal al die geslagte my salig noem.

Die saak is so belangrik dat die Here na Samuel kom om met hom daaroor te praat. Terwyl Samuel een nag in die tabernakel slaap, hoor hy 'n stem wat na hom roep: "Samuel, Samuel!" Samuel staan toe op en gaan na Eli omdat hy dink dit is Eli wat hom roep. Eli sê egter dat hy hom nie geroep het nie. Skaars het Samuel gaan lê of hy hoor weer die stem wat na hom roep. Hy staan op en gaan na Eli, maar Eli stuur hom weer terug. Toe hy die derde keer by Eli kom nadat hy die stem gehoor het, sê Eli aan hom dat hy moet antwoord: "Spreek, Here, want u kneg hoor."

Die Here vertel nou aan hom van 'n vreeslike oordeel wat op Eli en sy huis wag. Die boodskap is dieselfde as die van die profeet. Samuel is te bang om dit aan Eli te gaan vertel, maar vroeg die volgende môre roep Eli hom om te hoor wat gebeur het. Eli dwing hom om alles te vertel wat die Here aan hom gesê het. Toe Samuel vir Eli vertel wat God gesê het, berus hy daarin en sê: "Hy is die Here, laat Hom doen wat goed is in sy oë." Hy besef dat hy God se straf verdien, maar doen niks om die saak reg te stel nie.

Die oordeel kom

Die Here beskik dit so dat die Filistyne weer die land binneval en dit plunder. Die Israeliete bring 'n leër op die been en trek uit om teen die Filistyne te veg. Die Filistyne verslaan Israel en 4 000 Israeliete sterf. Die volk besef dat dit die Here is wat aan die Filistyne die oorwinning gegee het, maar hulle erken nie dat die Here dit gedoen het omdat hulle so sondig lewe nie.

Hulle gaan haal die ark in Silo in die hoop dat dit vir hulle geluk sal bring. Net Hofni en Pinehas is by die tabernakel en hulle gee toestemming dat die ark saamgeneem word. Hulle gaan saam met die ark na die slagveld. Toe die Israeliete die ark sien, juig hulle van blydskap aangesien hulle dink dat God nou aan hul kant is.

Die Filistyne word bang toe hulle die gejuig hoor en sê: "God het in die laer gekom." Hulle weet dat God die Egiptenaars met allerhande plae getref het en is bang dat dieselfde nou met hulle gaan gebeur. Hulle deins egter nie terug nie, maar spoor mekaar aan om dapper te veg. Israel glo dat hulle die Here kan dwing om hulle te help, maar hulle maak 'n fout. God laat Hom nie deur mense voorskryf nie.[126]

---

126 Jes. 40: 14 Met wie het Hy raad gehou, dat dié Hom verstand sou gee en Hom sou leer aangaande die pad van die reg, en Hom kennis sou leer en Hom bekend maak die weg van volledige insig?

Die Filistyne verslaan Israel

Die Filistyne dien Israel 'n verpletterende nederlaag toe en meer as 30 000 Israelitiese soldate sterf. Hofni en Pinehas word ook gedood en die ark van die Here word weggevoer. Intussen is aan Eli vertel dat Hofni en Pinehas die ark met hulle saamgeneem het. Hy is al baie oud, 98 jaar en byna blind.

Eli neem 'n stoel en gaan sit by die poort om te wag op nuus van wat op die slagveld gebeur het. 'n Boodskapper kom aangehardloop en vertel van die dood van Hofni en Pinehas. Toe hy van die ark vertel en hoe die Filistyne dit geneem het, is Eli so geskok dat hy agteroor val en sy nek breek. Dit wat God gesê het, gaan met Eli en sy huis gebeur. Die hele huisgesin van Eli sterf.

Te midde van die gebeure skenk Pinehas se vrou geboorte aan 'n seuntjie. Voordat sy sterf noem sy die seuntjie Íkabod. Dit beteken dat die ark, die eer van God, uit Israel weg is.

Die verbondsark by die Filistyne

Ná hul oorwinning keer die Filistyne met die ark terug na Filistea. Die Filistyne glo dat Israel nou sonder die ark, hul "gelukbringer", hulpeloos is. Hulle sit die ark in hul tempel in Asdod neer langs die beeld van hul god Dagon. Toe hulle die volgende môre in die tempel kom, sien hulle dat Dagon van sy staander afgeval het en op die grond lê. Versigtig tel hulle hom op en plaas hom weer op sy staander terug. Die volgende môre lê Dagon weer op die grond, maar die keer het sy arms en kop afgebreek.

Die Filistyne in Asdod word ook baie siek. God tref hulle met groot swere. Daarmee saam rig duisende muise groot skade aan deur hul koring te verniel en op te vreet. Die Filistyne besef dat al hierdie dinge met hulle gebeur omdat die ark by hulle is en daarom besluit hulle om die ark na Gad te stuur. Toe die ark in Gad aankom, word die mense daar ook siek. Daarna stuur hulle die ark na Ekron, maar die stad protesteer so hewig daarteen dat die Filistynse vorste besluit om maar eerder die ark na Israel terug te stuur. Dit is 'n oorlogstrofee wat hulle nie meer langer wil hê nie.

Die vorste roep die hulp van waarsêers in, wat vir hulle sê om die ark op 'n nuwe wa te laai wat deur twee koeie getrek word. Die kalwers moet agterbly. Hulle moet ook 'n skuldoffer bring en vyf goue beeldjies van die swere en vyf goue muise in 'n kissie plaas en langs die ark neersit.

Die ark terug in Israel

Alles verloop volgens plan. Nie een keer wil die koeie terugkeer na hul kalfies nie. Al bulkende stap hulle aan na Kanaan toe. Naby die grens met Filistea is Israeliete van Bet-Semes, 'n Levietestad,[127] besig om die koring te sny. Toe hierdie Leviete die ark sien, is hulle baie bly. Uit dankbaarheid neem hulle die koeie en offer hulle aan die Here op 'n vuur wat hulle van die wa se hout maak.

Die ark en die skuldoffer wat die Filistyne gestuur het, sit hulle op 'n klip neer. Die mense van Bet-Semes kom en bekyk die ark nuuskierig en sonder eerbied, iets wat God ten strengste verbied het.[128] Dieselfde dag sterf 70 nuuskieriges. Daarna neem hulle die ark na die huis van Abinádab. Sy seun Eleaser word geheilig om die ark van die Here te bewaak.

Samuel in Mispa

Die Filistyne val Kanaan weer binne en onderdruk Israel 20 jaar lank. Die Israeliete besef dat hulle afvallig van God geraak het en wil nou weer die Here dien. Samuel wil eers seker maak dat die volk werklik berou het oor hulle afgodery. Hy gee opdrag dat hulle die afgode, die Baäls en Astartes, verwyder en hulle met hul hele hart tot die Here bekeer.

Daarna gee hy opdrag dat die volk by Mispa bymekaar kom, sodat hy daar vir hulle kan bid. Die volk skep water en gooi dit voor die aangesig van die Here uit. Daardeur wys hulle hoe diep hul nood en ellende is.[129] Hulle vas ook en erken dat hulle gesondig het.

Toe die Filistyne hiervan hoor, trek hulle dadelik na Mispa toe om teen Israel te veg. Die Israeliete is nou bekommerd en onseker want hulle is bang vir

---

127 Jos. 21: 13 - 16 En aan die kinders van Aäron, die priester, het hulle gegee Hebron, die vrystad vir hom wat 'n doodslag begaan het, met sy weiveld, en Libna met sy weiveld, en Jattir met sy weiveld, en Estemóa met sy weiveld, en Holon met sy weiveld, en Debir met sy weiveld, en Ajin met sy weiveld, en Jutta met sy weiveld, en Bet-Semes met sy weiveld: nege stede uit hierdie twee stamme.

128 Num. 4: 5 en 6 By die opbreek van die laer moet Aäron en sy seuns kom en die voorhangsel tot bedekking afneem en daarmee die ark van die Getuienis bedek. En hulle moet 'n dekkleed van robbevelle daarop sit en 'n doek, heeltemal van pers stof, daar bo-oor uitsprei en sy draaghoute insteek.

129 Klaagl. 2: 19 Staan op, skreeu in die nag by die begin van die nagwake, stort jou hart uit soos water voor die aangesig van die HERE, hef jou hande op na Hom, ter wille van die lewe van jou kinders wat versmag van honger by die hoek van al die strate.

die Filistyne. Samuel bid tot God en Hy beskik dit so dat daar 'n geweldige donderstorm losbars. Die storm is so erg dat daar chaos onder die Filistyne ontstaan en hulle begin vlug. Die Israeliete agtervolg hulle en in die geveg wat volg, verslaan hulle die Filistyne. Samuel rig daar 'n gedenkteken met 'n klip op en noem die plek Ebenhaeser, wat beteken: "Tot hiertoe het die Here ons gehelp".

Die volk vra 'n koning

Toe Samuel te oud word om die afgeleë dele van die land te besoek, stel hy sy twee seuns aan om hom met sy werk te help. Hulle is nie voorbeeldige mans nie en sondig voortdurend. Die volk kla hieroor by Samuel en versoek hom om vir hulle 'n koning aan te stel wat oor hulle kan regeer. Samuel dink nie die versoek is reg nie, want hy glo, net soos Gideon, dat die Here hul Koning is.[130] So wil die Here dit ook hê. Daarom sê Hy aan Samuel dat die volk nie hóm verwerp nie, maar God self.

God beveel Samuel egter om aan die volk hul sin te gee. Samuel waarsku hulle dat 'n koning baie eise aan hulle gaan stel waaraan hulle sal moet voldoen. Hulle wil nie luister nie en volhard met hul eis dat hulle 'n koning wil hê soos die ander volke. Daarop stuur Samuel hulle huis toe om te wag totdat God 'n koning aanwys. So kom die teokrasie (dit wil sê die regering direk deur God) in Israel tot 'n einde.

Samuel was 'n besondere figuur. Hy was nie net 'n priester nie, maar ook die laaste rigter en terselfdertyd 'n profeet.[131] So wys hy heen na Christus, wat die volmaakte Koning, Profeet en Priester is.

130 Rig. 8: 23 Maar Gideon antwoord hulle: Ek wil nie oor julle heers nie, en ook my seun mag nie oor julle heers nie: die HERE sal oor julle heers.

131 Hand. 13: 20 En daarna omtrent vier honderd en vyftig jaar lank het Hy rigters gegee tot op Samuel, die profeet.

Aanbevole leesstukke

DE GRAAF, S.G. 1935. Verbondsgeschiedenis: Schetsen voor de vertelling van de Bijbelse Geschiedenis. Het Oude Testament. Kampen: J.H.Kok. 360 - 378 p.

INGWERSEN, G. 2008. Die Bybel oorvertel vir oud en jonk. Pretoria: DBU. 199 - 212 p.

KROEZE, J.H. 2008. Handboek Bybelse geskiedenis: Die Ou Testament. Pretoria: DBU. 242 - 256 p.

TEN HAVE, P. 1935. Bij de Bron. Neerbosch. Neerbosch Drukkerij. 374 - 394 p.

VAN DER WAAL, C. 1998. Sola Scriptura. Gids vir Bybelstudie. Deel 2: Rigters - Hooglied. Pretoria: DBU. 23 - 31 p.